# SONDAGSKOOL LES – Heilige Gees

**Doel van les:**

- Ons kyk bietjie na die Heilige Gees se rol in ons geestelike lewenswandel.

**Ysbreker:**

- **Jacks:** Gee vir elke groep 'n tennisbal en 10 chopsticks. Een persoon moet die bal heeltyd gooi en die ander moet in 'n ry staan oorkant hom/haar. Plaas die chopsticks op die grond voor die ry. Soos die persoon die bal gooi na die een wat voor staan in die ry, moet daardie persoon 'n chopstick optel en betyds wees om die bal te vang. As hy/sy mis vang, moet hulle agter in die ry gaan staan. Die speletjie gaan so aan tot al die chopsticks van die grond af opgetel is.

Maak in die groep 'n lysie van lewenswaarhede wat mens van chopsticks kan leer.

Kry terugvoering van die groepe.

**Maak dit geestelik:**

Lesse wat ons kan leer van chopsticks:

- Chopsticks werk net in pare – aangesien chopsticks net in pare werk staan dit in die Sjinese kultuur bekend vir nou samewerking;
- Geduld – Dit neem geduld en baie konsentrasie om te leer eet met chopsticks. Soos ons verlede week geleer het, moet ons leer om te wag op God en sy tydsbereking;
- Tel net een ding op 'n slag op – Dikwels probeer ons te veel dinge op een slag doen, maar soms moet ons fokus op slegs een taak en vir God rigting vra oor hoe om die taak reg te doen en waarop Hy wil hê ons moet fokus;
- Moenie te styf vashou nie – Soms kies God 'n sagte en delikate "touch", 'n sagte fluistering, om kragtige dinge te doen;
- Maak nie saak hoe versigtig ons is nie, soms laat ons iets val. God kies om ons te gebruik selfs al weet Hy ons as mense flop soms. Hy is genadig en sal ons optel en gebruik op kragtige maniere tot Sy eer al maak ons foute.

Nadat Jesus vir Sy dissipels vertel het dat Hy hulle binnekort gaan verlaat, het Hy hulle moed ingepraat deur hulle te vertel dat God die Heilige Gees sal stuur om vir ewig by Sy kinders op aarde te wees. (Joh 14:16-17) In Engels is die beskrywing: The Greek word translated "Comforter" or "Counselor" or "Advocate" is parakletos. It is made up of the preposition para, "beside" and the adjective kle-tos, "called". It means "to come alongside to help", one called to the side of another,' with the secondary idea of counseling or supporting him or her. A paraklete is someone who can do something for you that you cannot by yourself.

**Maak dit prakties**

Lees Johannes 14.

1. Hoe sê Jesus in Johannes 14 sal die Heilige Gees die dissipels help?
2. Wat beteken dit dat die Heilige Gees ons Helper is?
3. Wat is die voordeel om die Heilige Gees as Helper op jou lewenspad te he?
4. Waarmee help die Heilige Gees ons?

Kry terugvoering.

Ons het hierdie kwartaal 'n klompie "tools" leer ken wat ons help as Christen in die wêreld. Hier laaste les dien om jou te bemoedig dat jy nie die pad as Christen alleen stap nie. God se Gees is al die hulp wat jy nodig het. Jy het nie nodig om te stres oor hoe jy dit sal regkry om 'n Christen te wees nie. Sy Gees sal jou help, Sy Gees sal die Bybel vir jou verstaanbaar maak, sal jou lei om te bid en jou plek in Christus se kerk vir jou uitwys.

Die vraag is dit? Hoe lyk jou geestlike lewenswandel? Baba of vaste kos?

Sluit af in groepe met gebed.